# 'NG Gemeente Franschhoek

Skriba: Mev Karen Minnaar — Posbus 80, Franschhoek, 7690 — Faks: 086-605-4581
Kantoorure: Maandag tot Vrydag van 8:30 tot 12:30 — ☎ 021-876-2431 of 083-976-5353
skriba@ngkfranschhoek.co.za


---

## RIGLYNE MET DIE OOG OP 'N HUWELIK IN DIE KERKGEBOU

Dankie vir u navraag ten opsigte van ons historiese kerkgebou – 'n nasionale gedenkwaardigheid. Die Kerkgebou is op 18 April 1847 in gebruik geneem. Die gebou is in 1968 volledig gerestoureer. Die "nuwe" orrel is op 10 April 1924 in gebruik geneem. Die fooi wat ons hef vir die gebruik van die kerkgebou gaan vir die instandhouding van die kerkgebou. Die versekering op die grasdak gebou beloop al byna R50 000,00 per jaar. U bydrae help dus om 'n historiese gedenkwaardigheid vir die nageslag te bewaar. Ons waardeer u bydrae.

1. **VORMS:** Saam met hierdie riglyn is daar drie vorms wat voltooi moet word.
   Besprekingsvorm: Die besprekingsvorm word voltooi en teruggestuur sodra al die nodige inligting beskikbaar is.
   Huweliksfooie: Die basiese fooi vir die bespreking van die kerkgebou (R2 150,00) moet binne een maand nadat die bespreking gedoen is, betaal word. Hierdie fooi verleen gebruik van die kerk vir **twee ure** op die dag van die troue (een uur voordat die seremonie begin en 'n uur vandat die seremonie moes begin het). Indien u die kerk eksklusief vir die oggend of vir die middag wil bespreek (vier ure), is die fooi R4 050,00. Betalingsbesonderhede word op die vorm voorsien. U bespreking word slegs met betaling bekragtig. Die huweliksfooi is 100% terugbetaalbaar indien u meer as 'n maand voor die huwelik kanselleer. Indien u in die dertig dae voor die huwelik kanselleer, verbeur u R800,00. Gebruik asseblief u verwysingsnommer met betaling en e-pos of faks 'n bewys van betaling.
   Beplanningsvorm: Die beplanningsvorm kan u help met die talle keuses en reëlings ten opsigte van die gebruike in ons kerkgebou. U hoef dit nie dadelik te voltooi of terug te stuur nie, maar maak seker dat u met die Skriba al die besonderhede oor die seremonie bespreek voor die troue.

2. **BESIGTIGING:** U is welkom om die kerkgebou te kom besigtig. Die Kerkkantoor is op weeksdae van 8:30 tot 12:30 oop. U is welkom om die kerkgebou op 'n ander tyd te kom besigtig, maar dan moet u vooraf met die Skriba 'n spesifieke tyd reël.

3. **HUWELIKSBEVESTIGER:** U kies self u huweliksbevestiger en u tref self al die nodige reëlings met hom of haar. Ons benodig egter die huweliksbevestiger se besonderhede (Sien besprekingsvorm). U is self verantwoordelik vir die huweliksbevestiger se fooie. U kan die kantoor skakel vir huweliksbevestigers.

4. **ORRELIS:** U is self verantwoordelik vir alle reëlings ten opsigte van 'n orrelis. Indien u 'n eie orrelis wil gebruik, moet u besonderhede oor die orrelis verskaf (Sien besprekingsvorm). Slegs 'n gekeurde orrelis sal toegelaat word om die orrel te gebruik. Ons gemeente het nie meer 'n voltydse orrelis nie. Indien u name en kontakbesonderhede van orreliste verlang, kan u die Skriba kontak.

5. **VLEUELKLAVIER:** Die Kerkraad het 'n sewe voet Kawai Vleuelklavier aangekoop. Dié klavier staan reeds in die kerk en is beskikbaar vir gebruik by huwelike, maar teen addisionele koste. Die kerkgebou word vanweë sy uitstekende akoestiek gereeld gebruik vir klassieke musiekkonserte. Die Kawai het 'n besonder goeie klank. As u dit wil gebruik, moet u terme en voorwaardes met die Skriba bespreek.

6. **TYDSBEPERKING:** Die seremonie moet binne die bespreekte tyd afgehandel word – normaalweg sestig minute (gereken vanaf die tyd waarop die huwelik moes begin het). Waar ’n volgende huwelik op dieselfde dag volg, behou die Kerkraad die reg voor om streng toe te sien dat die eerste huwelik binne die toegelate tyd afgehandel word.

7. **INOEFENING:** Die bruidsgroep is welkom om met die Skriba te reël om die kerkgebou vooraf beskikbaar te stel met die oog op inoefening van die huwelik-seremonie . LET WEL: Reël asseblief hierdie inoefening betyds met die Skriba, aangesien die kerkgebou taamlik vol bespreek is vir allerlei ander aktiwiteite. Vir ’n inoefening wat na ure geskied (later as 17:00 op Maandae tot Vrydae of oor naweke), sal ’n addisionele fooi van **R200,00** per uur gehef word.

8. **BLOEMISTE:** U tref self die reëlings met ’n bloemiste vir die blomme. Die bloemiste moet egter vooraf met die Skriba ’n tyd reël met die oog op toegang tot die kerkgebou. Die Kerk is dalk gesluit en daar is geen permanente personeel op diens tot ’n uur voor die huwelik nie. Die bloemiste moet asseblief ook sorg dat daar skoongemaak word nadat die blomme gerangskik is. Oortollige loof en stingels moet self verwyder word.

9. **VERSIERINGS:** Versierings wat by die banke aangebring word, moet maklik verwyderbaar wees en geen merke of letsels op die banke nalaat nie. Beslis geen drukspykers of spykers nie! U moet reël dat alle versierings direk ná die seremonie verwyder word. Indien onseker, bespreek asseblief vooraf u beoogde versierings met die Skriba. Indien u van die ruikers in die kerk wil laat met die oog op die Sondag se erediens, sal dit beslis waardeer word.

10. **KERSE:** Vanweë die kerkgebou se rietdak is daar uiters streng riglyne oor die gebruik van kerse in die kerk. Ons normale reël is dus: Geen kerse! Uitsonderings, onder streng voorwaardes, kan egter met die Skriba bespreek word. Bespreek dit dus asseblief voortydig met haar ten einde verleentheid op die huweliksdag te spaar.

11. **CONFETTI:** Die strooi van papier confetti en vere word nie toegelaat nie. Ons verkies vars of gedroogde blomblare. Kontak die Skriba as u iets anders wil doen.

12. **HUWELIKSREGISTER:** Reël asseblief betyds vooraf met die Skriba indien u ’n tafel in die kerk wil hê met die oog op die ondertekening van die huweliksregister. Die tuinier (wat nie Saterdae werk nie) skuif meubels in die week.

13. **KLANKSTELSEL:** Die klankstelsel in die kerkgebou word deur die Koster beheer. Ons maak gebruik van ’n koordlose lapelmikrofoon. Indien u ’n CD wil speel of ekstra mikrofone of musiekinstrumente by die stelsel wil inskakel (solis of orkes of spreker), moet dit vooraf met die Skriba gereël word. ’n Addisionele fooi van **R250,00** vir die speel van CD’s en/of gebruik van ekstra mikrofone sal gevra word.

14. **DATAPROJEKTOR:** Die kerkgebou beskik oor ’n dataprojektor (diskreet weggesteek in die dak) en ’n onopsigtelike beheerstasie vanaf die orrelgalery. ’n Addisionele fooi van **R250,00** word vir die gebruik van die dataprojektor gevra. Skakel vooraf met die Skriba as u daarvan gebruik wil maak.

15. **KNIELKUSSINKIES:** Wit satyn knielkussings en ’n ringkussing is beskikbaar. Reël vooraf met die Skriba indien u dit wil gebruik. U is welkom om u eie kussings te gebruik.

16. **PARKERING:** Geen voertuig mag op die leiklip plaveisel rondom die kerkgebou parkeer of ry nie. Die bruidskar mag direk voor die voetganger hoofingang in Hugenoteweg op die rooi “geen parkering” streep parkeer. Dit is spesiaal so met die Munisipaliteit gereël. Gaste is welkom om gratis op enige plek op die kerk se parkeerterrein (binne die wit ringmuur) te parkeer.

**Egpaar:**

**Tyd en datum van huwelik:**

**Oefensessie**:
Dag en datum:
Tyd:
Min of meer hoeveel tyd word benodig?
Kontaknommer van oefengroep:

**Bloemiste**:
Dag en datum:
Tyd:
Naam van bloemiste:
Kontaknommer van bloemiste:
Min of meer hoeveel tyd het die bloemiste nodig?
Bly die blomme vir die Sondag?

**Versierings aan die banke**:

**Kerse**:

**Meubels**:
Geelhouttafel/Nagmaalstafel:
Stoele of ander meubels:

**Klankstelsel**
CD/Orkes (aantal instrumente)
Addisionele mikrofone/ Musiekstaanders /Mikrofoonstaanders

**Orrel / Klavier:**

**Dataprojektor:**

**Knielkussings:**

**Ringkussing:**

**Confetti**:

**Enige ander spesiale reëlings**:

Hierdie vorm is vir u eie gebruik. Gebruik dit as 'n riglyn vir u reëlings met die Skriba sodat daar geen onduidelikheid oor enige aspek bestaan nie.

Skriba: Mev Karen Minnaar – Telefoon: 021-876-2431 – Selfoon: 083-976-5353
Faks: 086-605-4581 – E-pos: skriba@ngkfranschhoek.co.za
Landpos: Posbus 80, Franschhoek, 7690